

MM 53



**raming van die ekonomies bedrywige  
en totale bevolking van die  
saldanhabaaigebied en die  
saldanhabaaistadskompleks  
vir 1980 en 1990**

001 • 307 2068 HSRC  
MM 53

**raad vir geesteswetenskaplike navorsing**

Klasnr./Class No.	001.3072068 HSRC MM 53
Registernr./No.	29715/1

**RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING**  
**RGV**

**BIBLIOTEEK LIBRARY**

**HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL**  
**HSRC**

W.P. 809 7/69

Institute van die RGN

Gesiedenisnavorsing  
Inlting en Spesiale Dienste  
Kommunikasienavorsing  
Manekragnavorsing  
Navorsingsontwikkeling  
Opvoedkundige Navorsing  
Psigometriese Navorsing  
Fisiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing  
Statistiese Navorsing  
Kulturele en Kuns

der en koördineer navorsing op die gebied  
die Regering en ander instansies  
van navorsingsbevindings en versprei  
enskappe.

2971

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

R



RGN-BIBLIOTEK HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

23 SEP 1977

28. 9. 77

11. 10. 77

00



Kopiereg voorbehou

Prys R2,05

001.3072068 HSRC MM 53



\* 0 5 0 4 5 7 \*

ISBN 0 86965 248 6

VOORWOORD

Beplanning van hoogstaande gehalte is vir die ordelike ontwikkelingsproses in snel groeiende sentrums soos Richardsbaai, Newcastle en Saldanhaabaai noodsaaklik. Suksesvolle beplanning is egter haas onmoontlik sonder sekere basiese data waarop dit gebaseer moet word.

In hierdie studie is daar gepoog om beplanners in beide die private en die openbare sektore te voorsien van 'n wetenskaplik gefundeerde raming van bevolkingsgroei in die Saldanhaabaigebied. Daar word vertrou dat hulle die ramings 'n waardevolle hulpmiddel in hul verantwoordelike taak sal vind.

Hierdie studie was egter onmoontlik sonder die basiese gegewens en inligting wat deur die Departement van Statistiek, Verdediging en Beplanning en die Omgewing asook deur die besture van Yskor, die NOK en etlike ander ondernemings in die openbare en private sektore verskaf is. Al die instansies word hiermee vir hul hulp en bydraes bedank.

*J. D. Van der Merwe*  
WAARNEMENDE PRESIDENT

<b>RGN</b>		<b>BIBLIOTEEK</b>	<b>HSRC</b>
		<b>LIBRARY</b>	
-10- 1975			
<b>STANDKODE</b>		<b>REGISTERNOMMER</b>	
001.3072068 HSRC M.M.53			
<b>STELNOMMER</b>			
G		29717	



## INHOUD

		BLADSY
	SUMMARY/OPSOMMING	iv
Paragraaf		
1	INLEIDING EN DOEL	1
2	BESPREKING VAN ENKELE BEGRIPPE EN KONSEPTE WAT IN HIERDIE STUDIE GEBRUIK WORD	1
2.1	Basisedryf en basiese werkgeleenthede	2
2.2	Residensiële bedryf en residensiële werkgeleenthede	3
2.3	Streekresidensiële werkgeleenthede	3
2.4	Uitvoerwerkgeleenthede	4
3	GEBIEDSOMSKRYWING	5
4	TEORETIESE GRONDSLAE VIR DIE RAMINGSTEGNIEK	6
4.1	Die verhouding tussen ekonomies bedrywige en totale bevolking	8
4.2	Die verhouding tussen basiese werkgeleenthede en residensiële werkgeleenthede	8
4.3	Die minimum residensiële indiensnemingsvereiste	11
4.4	Gewysigde teoretiese grondslag vir hierdie studie	11
4.5	Skakelingseffekte	14
4.6	Enkele algemene aannames	16
5	RAMING VAN DIE PERSENTASIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING, STREEKRESIDENSIËLE WERKGELEENTHEDE EN UITVOERWERKGELEENTHEDE	16
6	RAMING VAN DIE UITVOERWERKGELEENTHEDE VIR DIE SALDANHABAAIGEBIED	20
7	RAMING VAN DIE STREEKRESIDENSIËLE WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEROEP VIR DIE SALDANHA= BAAIGEBIED	26
8	RAMING VAN DIE TOTALE GETAL WERKGELEENTHEDE VIR DIE SALDANHABAAIGEBIED VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEROEPSGROEP	33
9	RAMING VAN DIE VOLKSGROEPVERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING IN DIE SALDANHABAAI= GEBIED	38
10	RAMING VAN DIE BEVOLKING VAN DIE SALDANHABAAI= STADSKOMPLEKS	43

11	BETROUBAARHEID VAN DIE RAMINGS	45
12	SAMEVATTING	47
13	SYNOPSIS	51
	LITERATUURLYS	54
	BYLAE A : TABELLE	56
	BYLAE B : VRAELYS	76



TABELLE

BLADSY

5.1	VERDELING VAN DIE BEVOLKING VAN TIEN SUID-AFRIKAANSE STEDE EN DORPE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR 1970	18
6.1	VERWAGTE UITVOERWERKGELEENTHEDE IN DIE SALDANHABAAIGEBIED VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR 1980	21
6.2	VERWAGTE UITVOERWERKGELEENTHEDE IN DIE SALDANHABAAIGEBIED VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR 1990	23
7.1	VERWAGTE BEVOLKING EN WERKGELEENTHEDE VOLGENS EKONOMIESE BEDRYWIGHEID EN NYWERHEIDSEKTOR IN DIE SALDANHABAAIGEBIED	27
7.2	VERWAGTE STREEKRESIDENSIELE WERKGELEENTHEDE IN DIE SALDANHABAAIGEBIED VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR 1980	29
7.3	VERWAGTE STREEKRESIDENSIELE WERKGELEENTHEDE IN DIE SALDANHABAAIGEBIED VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR 1990	31
8.1	VERWAGTE TOTALE WERKGELEENTHEDE (UITVOER- PLUS STREEKRESIDENSIELE) IN DIE SALDANHABAAIGEBIED VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR 1980	34
8.2	VERWAGTE TOTALE WERKGELEENTHEDE (UITVOER- PLUS STREEKRESIDENSIELE) IN DIE SALDANHABAAIGEBIED VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR 1990	36
9.1	VERDELING VAN DIE BEVOLKING VAN DIE KAAPSE SKIEREILAND VOLGENS BEROEP EN VOLKSGROEP 1970	40
9.2	VERWAGTE TOTALE BEVOLKING EN WERKGELEENTHEDE VOLGENS VOLKSGROEP EN BEROEPSGROEP IN DIE SALDANHABAAIGEBIED 1980	41
9.3	VERWAGTE TOTALE BEVOLKING EN WERKGELEENTHEDE VOLGENS VOLKSGROEP EN BEROEPSGROEP IN DIE SALDANHABAAIGEBIED 1990	42
10.1	GERAAMDE BEVOLKING VAN PATERNOSTER, AMKOR, LANGEBAANWEG, STOMPNEUSBAAI EN ST. HELENABAAI VOLGENS VOLKSGROEP 1980 EN 1990	44
10.2	GERAAMDE BEVOLKING VAN DIE SALDANHABAAI-STADSKOMPLEKS VOLGENS VOLKSGROEP 1980 EN 1990	45

## SUMMARY

This report concerns the estimated population figures of the Saldanha Bay area and the Saldanha Bay city complex for 1980 and 1990. The technique of estimation is based on a survey of expected export job opportunities at existing and intended concerns as well as on the following three theories:

(a) Theoretically speaking, there is a relatively constant ratio between the economically active and total populations of cities and areas of approximately the same size.

(b) In theory there is a comparatively constant ratio between export and regional-residential job opportunities in cities of approximately the same size which are also regional commercial and service centres.

(c) The linkage effect theory.

The vocational, sectoral and population group division of the estimated populations is based on the 1970 population census data.

## OPSOMMING

Die verslag handel oor die raming van die 1980- en 1990-bevolkingsyfers van die Saldanhabaaigebied en die Saldanhabaaistadskompleks. Die ramingstegniek is gebaseer op 'n opname van verwagte uitvoerwerkgeleenthede by bestaande en beplande ondernemings asook op die volgende drie teorieë:

(a) Daar bestaan teoreties gesproke 'n relatief konstante verhouding tussen die ekonomiese bedrywige en totale bevolkings van stede en gebiede van ongeveer dieselfde grootte.

(b) Teoreties bestaan daar 'n relatief konstante verhouding tussen uitvoer- en streekresidensiële werkgeleenthede in stede van ongeveer dieselfde grootte wat ook streekhandels- en dienssentrus is.

(c) Die skakelingseffekteorie.

Die beroeps-, sektorale en volksgroepverdeling van die geraamde bevolkings is gebaseer op die 1970-bevolkingsensusdata.

'n Buitengewone hoë groeikoers in die ekonomiese bedrywighede en bevolking van 'n dorp, stad of ander sub-nasionale gebied verg altyd noukeurige beplanning deur sowel die openbare owerhede, veral die betrokke plaaslike owerheid, as sekere instansies in die private sektor. Sonder die nodige beplanning ontstaan daar gewoonlik knelpunte in die voorsiening van gemeenskapsdienste deur die owerheidssektor en partikuliere goedere en dienste deur die private sektor.

Suksesvolle beplanning is egter haas onmoontlik sonder sekere basiese gegewens oor die plaaslike ekonomie. Charles Tiebout laat hom oor die aangeleentheid soos volg uit: "At the local level, thousands of decisions are made regularly by public officials and by businessmen. In the aggregate, these decisions have a great impact on economic growth and the quality of living standards of the American people. Yet, such decisions are usually based on much less economic information than is available at the national level. A regular flow of sound economic information about each local economy and its economic base would contribute to the quality of decisions made at the local level by public officials and business leaders" (1, 11-12).

In die algemeen kan aanvaar word dat basiese gegewens aangaande die ekonomieë van sub-nasionale gebiede in die Republiek van Suid-Afrika nie minder skaars is as in die Verenigde State van Amerika nie. Gevolglik voorsien 'n bydrae tot die beskikbare kennis oor die ekonomie van vinnig groeiende gebiede soos Newcastle, Saldanhabaai, Richardsbaai, Brits en Rustenburg in 'n noodsaaklike behoefte en behoort dit by te dra tot die gladder verloop van die groeiproses in die betrokke gebiede.

In hierdie studie word 'n raming gemaak van die groei in die totale en ekonomies bedrywige bevolking van die Saldanhabaai-gebied en die Saldanhaabaai-stadskompleks as gevolg van die vestiging van 'n ertsuitvoerhawe en 'n staalfabriek aldaar. Die verwagte ekonomies bedrywige bevolking word verdeel in 16 beroepsgroepe en 15 nywerheidssektore.

Regionale en ruimtelike ekonomie is 'n vertakking van die ekonomiese wetenskap wat relatief nuut en selfs onder ekonomiese relatief onbekend is. Bowendien is dit 'n vertakking van die ekonomie waarin daar nog heelwat verskillende benamings vir dieselfde begrip gebruik word en waarin baie nuwe konsepte die lig

sien. In hierdie studie word onder andere twee konsepte gebruik wat, sover bekend, nog nie voorheen in die ekonomiese literatuur gebruik is nie.

Om bogenoemde redes is dit nodig om enkele van die konsepte en begrippe wat gebruik word te bespreek om moontlike verwarring te voorkom.

## 2.1 BASISBEDRYF EN BASIESE WERKGELEENTHEDE

Richard B. Andrews definieer ekonomiese basis soos volg: "There is a fairly general consensus that the economic base refers to those activities of an urban community which export goods and services to points outside the economic confines of the community or which market their goods and services to persons who come from outside the communities' economic boundaries" (4, 161). Basisbedrywe is dus eenvoudig bedrywe wat uitvoergeroedere en -dienste produseer en basiese werkgeleentehede is betrekings in basisbedrywe.

C.M. Tiebout wys op 'n ander belangrike eienskap van 'n basisbedryf wanneer hy beweer dat: "... basic industries are those whose level of activity is not closely tied to the level of economic activity in the local community" (1, 74). Aangesien basisbedrywe se produkte of dienste uitgevoer word, word basisbedrywe nie veel geraak deur 'n daling in die plaaslike vraag na goedere en dienste nie. Basisbedrywe het dus 'n stabiliserende invloed op die ekonomie van 'n subnasionale gebied.

Basisbedrywe moet ook onderskei word van 'n sogenaamde dryfnwyerheid wat deur Boudeville soos volg omskryf word: "Promotive industries are not those employing the largest labour force but those having the greatest direct or indirect influence on the welfare and activity of the region. It is through them that regional development and planning can most efficiently be promoted" (6, 386). Voorbeelde van dryfnwyerhede in die Republiek van Suid-Afrika is die goudmynbedryf vir Transvaal en die land as geheel en Yskor vir Vanderbijlpark.

Dryfnwyerhede is gewoonlik ook basisbedrywe maar 'n basisbedryf hoef nie noodwendig 'n dryfnwyerheid te wees nie. Dit is byvoorbeeld die geval met die visbedryf in die Saldanhabaai gebied. Die bestaande visfabrieke is wel almal basisbedrywe maar kan nie werklik as 'n dryfnwyerheid beskryf word nie, aangesien hulle nie betekenisvolle en volgehoue ekonomiese groei en ontwikkeling in die gebied tot gevolg gehad het nie. Die rede daarvoor lê waarskynlik by die geografiese verspreidheid van die fabrieke en die seisoengebondenheid van hulle bedrywighede.

Die beplande Yskorwerke te Saldanhaabaai sal egter na alle waarskynlikheid sowel 'n basiese bedryf as 'n dryfnywerheid wees en wel omrede die omvang van die indiensneming daarvan so groot is dat dit Saldanha, Vredenburg, Paternoster, Stompneusbaai en St. Helenabaai eventueel geografies tot een stad met 'n enkele mark sal saamsnoer. In dié verband word die aandag op die beplande nuwe woongebied in figuur 3.1 (16) gevestig. Die gesamentlike indiensneming van die Yskorwerke en die visfabrieke sal dan saam met ander bestaande en verwagte basiese werkgeleenthede, groot genoeg wees om betekenisvolle ekonomiese groei en ontwikkeling in die gebied aan die gang te sit en oor 'n lang termyn aan die gang te hou.

Alle werkgeleenthede in 'n basisbedryf hoef nie noodwendig basiese werkgeleenthede te wees nie. Indien 25 persent van 'n fabriek se produksie deur die plaaslike gemeenskap verbruik word, is slegs 75 persent van die betrekkings in die fabriek basiese werkgeleenthede.

## 2.2 RESIDENSIËLE BEDRYF EN RESIDENSIËLE WERKGELEENTHEDE

Alle werkgeleenthede in 'n dorp of stad wat nie as basiese werkgeleenthede geklassifiseer word nie, is residensiële werkgeleenthede. Residensiële of diensaktiwiteite word deur Richard B. Andrews soos volg omskryf: "Service activities include enterprises whose principal function is that of providing for the needs of persons within the communities' economic limits. ...In a limited sense they can be considered the spenders of the community wages earned by the base activities. Yet they are clearly necessary to the successful operation of the base in that they care for most of the service needs of the base itself and of the base employees" (4, 161).

Residensiële bedrywe is dus bedrywe wat goedere en dienste vir plaaslike verbruik produseer, en residensiële werknemers is werkers wat in residensiële bedrywe werksaam is. D.C. North omskryf die term residensieel soos wat dit in hierdie verband gebruik word soos volg: "The term residentiary is used to designate industry for the local market which develops where the consuming population resides" (5, 79).

## 2.3 STREEKRESIDENSIËLE WERKGELEENTHEDE

In elke stad en groot dorp in die Republiek van Suid-Afrika wat nie baie na aan 'n ander groter dorp of stad geleë is nie bestaan daar 'n aantal werkgeleenthede wat streng gesproke basiese werkgeleenthede is maar nogtans in een opsig 'n groot ooreenkoms met residensiële werkgeleenthede toon. Die ooreenkoms

is daarin geleë dat die betrokke groep werkgeleenthede in die verlede bykans outomaties in alle geïsoleerde groot dorpe en stede van die Republiek van Suid-Afrika ontstaan het. Die groep basiese werkgeleenthede kan in drie subgroepe verdeel word.

Die eerste subgroep is die basiese werkgeleenthede wat geskep is om te voorsien in die omliggende landboubedryf se normale vraag na partikuliere goedere en dienste.

Die tweede subgroep basiese werkgeleenthede is dié wat ontstaan het omdat die betrokke stad of dorp mettertyd ontwikkel het in wat 'n streekhandelsentrum genoem kan word. Daarmee word bedoel dat die direk omliggende boerderygemeenskap sowel as die inwoners van twee of meer nabygeleë klein dorpie en hul omliggende boerderygemeenskappe òf uit vrye wil òf uit noodsaak 'n betekenisvolle gedeelte van hulle besigheid in die streekhandelsentrum verrig. In bogenoemde verband word byvoorbeeld gedink aan besigheid met groot nasionale en selfs internasionale ondernemings wat slegs in die sogenaamde streekhandelsentrums takke of agentskappe het.

Die derde subgroep is basiese werkgeleenthede in sekere owerheidsinstellings wat sekere dienste slegs op 'n streekbasis lewer. Voorbeelde hiervan is werkgeleenthede in die landdroskantoor, die distrikspolisiekantoor, die skoolraadskantoor, die streekstronk en die hospitaal.

In hierdie studie word deurgaans gewerk met 'n groep werkgeleenthede wat saamgestel is uit al die residensiële werkgeleenthede plus die laasgenoemde drie subgroepe basiese werkgeleenthede. Hierdie nuwe groep word streekresidensiële werkgeleenthede genoem.

## 2.4 UITVOERWERKGELEENTHEDE

Onder die begrip uitvoerwerkgeleenthede word in hierdie studie verstaan alle werkgeleenthede wat nie volgens die uiteensetting in paragraaf 2.3 as streekresidensiële werkgeleenthede geklassifiseer word nie. Die uitvoerwerkgeleenthede sal almal beklee word deur werkers wat goedere of dienste produseer wat uit die dorp of stad en sy omliggende ekonomiese streek uitgevoer word. Alle uitvoerwerkgeleenthede sal natuurlik terselfdertyd ook basiese werkgeleenthede wees, maar alle basiese werkgeleenthede is nie terselfdertyd uitvoerwerkgeleenthede nie.

Die bevredigende afbakening en omskrywing van 'n subnasionale ekonomiese gebied of groeipunt lewer gewoonlik ernstige probleme op. Dit blyk onder andere duidelik uit Boudeville (6, 379) se bewering dat: "The problem of drawing boundaries for homogeneous, nodal and program regions is extremely complex. The regional data are compiled by administrative units and local government divisions do not always coincide with economic differences and structures." Ander skrywers wat hiermee saamstem is Tiebout (7, 161) en Thomas (2, 71).

Oor die kriteria wat by die afbakening van 'n subnasionale ekonomiese streek gebruik moet word, huldig sowel streeksekonome as aardrykskundiges uiteenlopende menings. Tiebout beveel byvoorbeeld in een artikel aan dat die grense van die arbeidsmark of handelsgebied (trading area) wat dit ook al mag wees, aanvaar moet word (1, 21). In 'n ander artikel beveel hy weer aan dat die navorsers hom moet laat lei deur die veranderlikes wat hy van plan is om te bestudeer (7, 162). Boudeville beveel funksionele kriteria soos "... the outlines of internally interdependent regions" (6, 379) aan. North is een van die weiniges wat met 'n besliste voorstel na vore kom. Hy beveel aan dat: "For economists' purposes the concept of a region should be redefined to point out the unifying cohesion to a region over and beyond geographic similarities, in its development around a common export base. It is this that makes it economically unified and ties the fortunes of the area together" (5, 83).

In die geval van die Saldanhabaaigebied is dit selfs in hierdie stadium duidelik dat die uitvoerbasis van die gebied die voorgestelde Yskorwerke sal wees. Maar dit is ook duidelik dat die grense wat op grond van die uitvoerbasis tot stand gaan kom, nie nou al bepaal kan word nie. Dit sal op sy beste ingeligte raaiwerk wees.

Tradisionele, ekonomiese teorie het volgens Hilhorst aanvaar dat "... transport costs, economics of scale and of agglomeration to be the major factors underlying the emergence of regions as sub-systems of the nation" (8, 51).

Tiebout wys egter daarop dat die kriteria op grond waarvan op die grense van die subnasionale gebied besluit word van minder belang is mits die invloed wat die kriteria en gekose grense op die uitkoms van die ondersoek gaan hê, besef word en in gedagte gehou word by die beoordeling daarvan (7, 162).

In die lig van bostaande is besluit om twee stellinggrense in hierdie ondersoek te gebruik. Tot en met 1980 sal die gebied ingesluit word deur die grenslyn wat met 'n stippellyn (----) op die kaart in figuur 3.1 (16) aangedui word. Dit sluit die volgende tans bestaande plekke en dorpe in: Saldanha, Vredenburg, Paternoster, die Amkor-fosfaatfabriek en Langebaanweg. Daar is op die grense besluit omdat dit wil voorkom asof dit die gebied is waarvan die inwoners tans normaalweg in Vredenburg en Saldanhaabaai handel dryf. Vir doeleindes van die vooruitskating vir 1990 word die gebied vergroot om ook Stompneusbaai en St. Helenabaai in te sluit. Dit word gedoen omdat dit wil voorkom asof daar as gevolg van nuwe paaie wat gebou staan te word en nuwe besighede wat in Vredenburg-Saldanha geopen sal word, ver wag kan word dat die huidige en veral toekomstige inwoners van Stompneusbaai en St. Helenabaai eerder in die Saldanhaabaagebied as in Velddrif, soos wat tans blykbaar die geval is, sal handel dryf. Die 1990 Saldanhaabaagebied word deur 'n gebroke stippellyn (-.-.-.-) op figuur 3.1 (16) omlyn.

Hiermee word nie ontken dat die inwoners van Langebaan, Velddrif en Laaipelek 'n deel van hul aankope van goedere en dienste in die nuwe grootdorp (of klein stad) sal doen nie. Tog word aanvaar dat dit in die beginjare slegs 'n baie klein gedeelte van hul normale aankope sal wees, aangesien die afstande wat vir die doel afgelê sal moet word aansienlik groter is as wat die normale dorpenaar gewoonlik aflê om sy normale aankope te doen, veral indien in gedagte gehou word dat al drie die plekke tans oor hul eie kleinhandelsentrums beskik. Dit sal veral die geval in die eerste jare van die ontwikkeling van die Saldanhaabaagebied wees, aangesien daar verwag kan word dat 'n taamlike mate van 'n "boom town"-atmosfeer in die gebied sal heers. Die ervaring het geleer dat kleinhandelspryse in so 'n atmosfeer neig om ietwat hoër te wees as wat normaal vir die res van die land is.

Die subnasionale gebied wat hierbo omskryf is, sal in hierdie studie onderskei word deur daarna te verwys as die Saldanhaabaagebied. Die nuwe stadskompleks wat as gevolg van die ontwikkelinge in die Saldanhaabaagebied na verwagting uit 'n samesmelting van Vredenburg en Saldanhaabaai sal ontstaan, word die Saldanhaabaai-stadskompleks genoem.


#### 4            TEORETIESE GRONDSLAE VIR DIE RAMINGSTEGNIEK

Die tegniek wat in hierdie studie gebruik is om die verwagte bevolking van die Saldanhaabaagebied te raam, rus op 'n aantal teorieë, aannames en verhoudings wat hieronder kortliks bespreek word.



FIGUUR 3.1

DIE SALDANHABAAGEBIED



#### 4.1 DIE VERHOUDING TUSSEN EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING

In 'n stad, gebied of land waarvan die ekonomie naasten= by in ewewig verkeer, bestaan daar 'n redelik konstante verhou= ding tussen die ekonomies bedrywige bevolking en die totale be= volking. In die WVO se handboek oor die projeksie van die ekono= mies bedrywige bevolking van 'n land word beweer dat: "Changes in the activity rates of the economically active population are brought about by a whole range of economic and social factors such as the number and type of jobs created for young people by economic development, school enrolment trends, the size of the old-age pension, and, for women in general, age at marriage, number of children, and educational level. To ascertain the de= gree to which all these factors influence the activity rates of the population is very difficult; it is generally assumed that activity rates evolve gradually under the pressure of various factors and that long-term trends can be discerned. In develop= ing countries, however, the gradual evolution may be interrupted as a result of rapid development of the economy"(11, 7).

Uit bostaande kan afgelei word dat die verhouding tussen die ekonomies bedrywige en totale bevolking in 'n dorp of stad met 'n buitengewone hoë ekonomiese groeikoers minstens oor die kort termyn nie ten nouste sal ooreenkom met dié van 'n dorp of stad, met 'n normale groeikoers nie. Dit sal des te meer die geval wees indien 'n groot persentasie van die arbeidsmag uit im= migrante, van ander landstreke of van die buiteland af, bestaan.

Aangesien dit egter onbekend is in watter mate en in watter rigting die hoë groeikoers en die gewoontes en gebruike van die immigrante die verhouding sal beïnvloed, sal daar met die raming van die persentasie ekonomies bedrywige bevolking uitgegaan word van die veronderstelling dat die verhouding tussen die ekonomies bedrywige en die totale bevolking in Saldanhabaai ongeveer dieselfde sal wees as die gemiddelde in tien ander redelik geïsoleerde dorpe en stede in die Republiek van Suid= Afrika. Die keuse van tien dorpe en stede, wat vir die doel ge= skik is, sal in paragraaf 5 verder bespreek word.

#### 4.2 DIE VERHOUDING TUSSEN BASIESE WERKGELEENTHEDE EN RESIDEN= SIËLE WERKGELEENTHEDE

Die bestaansreg en bestaansmoontlikheid van enige dorp of stad rus geheel en al op die goedere en/of dienste wat deur die inwoners daarvan geproduseer en deur mense wat buite sy gren= se woon, verbruik word. Ullman en Dacey beweer in dié verband: "It is well known that cities cannot exist exclusively by taking in their own washing" (9, 89).

Om te kan voortbestaan, moet stede en gebiede goedere en/of dienste uitvoer. Deur uit te voer verdien die stad, dorp of gebied geld en die uitvoerverdienste is die basis waarop die hele ekonomiese lewe daarvan rus. Daal die uitvoerverdienste sal die dorp of stad kwyn. Wanneer dit styg, sal die stad floreer. Sy totale en per capita-inkomste sal styg en beide sy ekonomiese bedrywige en totale bevolking sal styg (5, 78-79). Daarom word 'n stad of gebied se uitvoerbedrywe ook sy basisbedrywe genoem. (Kyk ook par. 2.1.)

'n Stad kan egter nie net uit uitvoerbedrywe alleen bestaan nie, veral nie indien dit ver van ander stede af geleë is nie. Die werkers in die uitvoerbedrywe en hul afhanklikes het kos, klere, huisvesting, beskerming, onderwys, vermaak, ensovoorts nodig. Party van die goedere en dienste kan in naburige dorpe gekoop word. Maar mense wil gewoonlik sulke goedere en dienste na aan hulle hê. Daarom sal daar altyd private en openbare ondernemings wees wat sulke goedere en dienste aan die inwoners van 'n stad of gebied in hul eie stad of gebied verskaf (5, 79). Bedrywe wat die lewering van sulke goedere en dienste aan die inwoners van 'n stad of gebied ten doel het, word die stad of gebied se residensiële bedrywe genoem. (Kyk ook par. 2.2.)

Ontleding van Amerikaanse bevolkingsensusgegevens het verder aangetoon dat die verhouding tussen die getal werkgeleenthede in die basisbedrywe en die getal werkgeleenthede in die residensiële bedrywe in die geval van dorpe of stede wat ongeveer ewe groot is, redelik stabiel is (5, 79 en 10, 6-7). In dorpe wat ongeveer 10 000 inwoners het, is 68 persent van die ekonomiese bedrywige bevolking in basisbedrywe werksaam. In stede met ongeveer 250 000 inwoners is 50 persent van die ekonomiese bedrywige bevolking in basisbedrywe werksaam. Die persentasie daal tot 40 persent in die geval van stede met ongeveer 1,5 miljoen inwoners. (Kyk 10,7.)

Bogenoemde verskynsel is heeltemal verstaanbaar. Hoe groter 'n stad hoe groter is die mark vir gespesialiseerde goedere en dienste in die stad. Gevolglik raak al meer en meer ondernemings wat residensiële goedere en dienste verskaf, lonend en sal opgerig word. Daar is min of geen plattelandse dorpe wat oor 'n Chinese restaurant, 'n tak van 'n aksepbank, 'n professionele toneelgeselskap en 'n brein chirugpraktik beskik, eenvoudig omdat die vraag na sodanige dienste in 'n dorp van 10 - 25 000 inwoners net nie groot genoeg is om so 'n onderneming lonend te maak nie. In die groot stede sal sulke ondernemings egter almal aangetref word, aangesien die vraag na hul dienste daar groot genoeg is om dit 'n lonende onderneming te maak.

Dit is onwaarskynlik dat die verhouding tussen basiese en residensiële werkgeleenthede vir dorpe en stede van dieselfde grootte in die VSA en in die Republiek van Suid-Afrika ongeveer dieselfde sal wees. Die redes vir die bewering is die volgende:

(a) In die VSA is 'n voltydse huisbediende die uitsondering en nie die reël nie. In die Republiek van Suid-Afrika is minstens een huisbediende sonder uitsondering feitlik die reël en baie gesinne het verder ook nog 'n deeltydse werker in die tuin en 'n deeltydse was- en strykbediende.

Let in die verband daarop dat die sektor persoonlike en huishoudelike dienste blykens tabel 5.1 tot soveel as 10 persent van die totale bevolking van die Republiek van Suid-Afrika in diens kan hê. Dit verteenwoordig meer as 15 persent van die ekonomies bedrywige bevolking van 'n stad.

(b) In die VSA is ongeskoolde arbeid skaars en duur met die gevolg dat meganisasie so ver as wat moontlik is, deurgevoer word. In die Republiek van Suid-Afrika word na alle waarskynlikheid baie meer van ongeskoolde arbeid wat relatief goedkoop en volop is, gebruik gemaak. Dit sal veral die geval wees in residensiële bedrywe waar daar nie met buitelandse leweransiers meegeding word nie. Van die kleinste ondernemings in die Republiek van Suid-Afrika het 'n bediende wat tee maak en/of 'n werker wat aflewering behartig. Dit is 'n luukse wat in die VSA slegs deur die groot ondernemings bekostig kan word. Net so is 'n handlanger of twee vir werkers in die bou- en konstruksiebedryf asook vir onderhouds- en instandhoudingswerkers wat hier die reël is, in die VSA die uitsondering. Sleurwerk wat in die VSA deur die vakleerling of ambagsman self verrig word, is hier die taak van 'n handlanger of selfs twee handlangers per ambagsman.

(c) Onderhouds- en instandhoudingswerke wat hier op herstel van defekte onderdele ingestel is, geskied in die VSA meermale deur vervanging van die defekte onderdeel wat baie minder arbeid as herstelling verg.

Bostaande moet noodwendig tot gevolg hê dat die persentasie residensiële werkers in die VSA baie laer is as in die Republiek van Suid-Afrika. Dit verklaar ook deels die hoër gemiddelde lewenstandaard van die VSA.

Daar word aanvaar dat daar ook in die RSA 'n relatief vaste verhouding tussen die getal basiese en die getal residensiële werkgeleenthede bestaan.

#### 4.3 DIE MINIMUM RESIDENSIËLE INDIENSNEMINGSVEREISTE

Die derde teoretiese grondslag vir hierdie bevolkingsraming is die sogenaamde minimum residensiële indiensnemingsvereiste wat deur Ullman en Dacey soos volg geformuleer word: "The minimum requirements method is an alternative procedure for understanding the urban employment structure. This method yields a quantitative statement which closely approximates the minimum percentage of a labour force required in various sectors of its economy to maintain the viability of an urban area. ... The minimum requirement closely approximates the service or internal needs of a city" (9, 90-91).

Dit kom kortliks daarop neer dat 'n minimum persentasie van die ekonomies bedrywige bevolking en dus ook van die totale bevolking van elke dorp of stad in elkeen van 'n aantal nywerheidssektore werksaam moet wees om in die inwoners se behoeftes aan sekere residensiële goedere en dienste te voorsien.

Alhoewel die minimum persentasie in elke sektor na gelang van plaaslike omstandighede van stad tot stad sal verskil, kan 'n benaderde minimum persentasie vir stede of dorpe van ongeveer dieselfde grootte bepaal word deur die persentasies werkers wat in elke sektor in 'n aantal dorpe of stede van soortgelyke grootte werksaam is uit sensusgegevens te bepaal, en dan die laagste waargenome persentasie in elke sektor te aanvaar as die minimum noodsaaklike persentasie (1, 49) en (10, 52).

Ullman, Dacey en Brodsky is van mening dat die metode 'n te lae minimum persentasie lewer en gevolglik 'n te lae raming van die totale bevolking en ekonomies bedrywige bevolking tot gevolg sal hê (10, 51). 'n Raming volgens die minimum residensiële indiensnemingsmetode moet dus as 'n minimum verwagte raming beskou word.

#### 4.4 GEWYSIGDE TEORETIESE GRONDSLAG VIR HIERDIE STUDIE

Soos in paragraaf 4.2 verduidelik, bestaan daar 'n relatief konstante verhouding tussen die getal basiese werkgeleenthede en die getal residensiële werkgeleenthede in dorpe en stede van ongeveer dieselfde grootte. Die rede vir hierdie relatief konstante verhouding moet waarskynlik gesoek word in die feit dat die diensmotief in die geval van residensiële werkgeleenthede in die owerheidssektor en die winsmotief in die geval van residensiële werkgeleenthede in die private sektor daarvoor verantwoordelik is dat sulke werkgeleenthede feitlik outomaties geskep word sodra 'n dorp of stad 'n bepaalde grootte bereik.

Sodra 'n dorp wat redelik ver van 'n ander groter dorp of stad af geleë is, om watter rede ook al groter as sy nabygeleë buurdorpieë word, sal dit gewoonlik die status van streekhandsentrum verwerf. Omdat dit groter as die omliggende kleiner dorpieë is en dus meer dienste en 'n groter verskeidenheid handelsware aanbied, sal die inwoners van die omliggende kleiner dorpieë en hul omliggende boerderygemeenskappe minstens 'n deel van hul sake in die groot dorp kom doen. Die voorgenoemde wins- en diensmotiewe sal dan weer tot gevolg hê dat groot nasionale ondernemings en die owerheidsektor takke en kantore daar kom vestig ten einde sekere goedere en dienste wat hulle gewoonlik slegs op 'n streeksbasis verskaf aan die bewoners van die streek te kan lewer. Mettertyd sal die dorp dus ook ontwikkel in 'n streeks-, administratiewe en dienssentrum.

Al die werkgeleenthede wat in die groot dorp tot stand gekom het om goedere en dienste aan bewoners van die streek om die dorp te lewer, is vir sover dit die groot dorp self aanbetref basiese werkgeleenthede. Vir sover dit die streek aanbetref, is dit egter residensiële werkgeleenthede en sal dus net soos alle residensiële werkgeleenthede feitlik outomaties ontstaan sodra 'n redelik geïsoleerde groot dorp of stad 'n bepaalde grootte bereik.

Vir doeleindes van die raming van bevolkingsgroei in die Saldanhabaaigebied word aanvaar dat die Saldanhabaaistadskompleks wat uit die samesnoering van Saldanha en Vredenburg gaan ontstaan, die bepaalde grootte waar dit in 'n streekhandsentrum en administratiewe sentrum gaan ontwikkel, wel sal bereik. Dit wil voorkom asof die aanname geregverdig is indien onthou word dat die nuwe stadskompleks omring word deur vyf klein dorpieë naamlik Langebaan, Hopefield, Velddrif, Laaipek en Dwarskersbos wat nader aan die Saldanhabaaistadskompleks as aan 'n ander "groot" dorp geleë is. Die woord groot word hierbo tussen aanhalingstekens geplaas omdat die grootste dorp wat in die omgewing is, naamlik Malmesbury, in 1970 slegs 9466 inwoners gehad het (14,12) en 98 kilometer van Vredenburg af geleë is. Tog vervul Malmesbury, wat ook die setel van die Afdelingsraad is, tans deels die rol van streekhandsentrum, diens- en administratiewe sentrum vir die laasgenoemde vyf dorpieë asook vir die sewe dorpieë wat in die Saldanhabaaigebied ingesluit is.

Dit is egter ooglopend dat 'n dorp van minder as 10 000 inwoners nie veel in die lyn van diens- en administratiewe geriewe aan sy omgewing kan lewer nie. Gevolglik is die omgewing se inwoners in 'n groot mate op Kaapstad, wat 160 kilometer van Vredenburg af geleë is, aangewese vir baie van hul huidige handels-, diens- en administratiewe behoeftes.

Ervaring in die geval van Welkom wat slegs 65 kilometer van Kroonstad en 148 kilometer van Bloemfontein af geleë is en gestig is toe Kroonstad reeds meer as 20 000 inwoners gehad het (15, 1093), het getoon dat die private sektor op grond van die winsmotief nuwe handels- en diensondernemings veel eerder in die nuwe vinnig groeiende dorp as in die ou stagnante dorp vestig. Om dieselfde rede huiwer hulle ook nie om reeds bestaande ondernemings van die ou na die nuwe dorp te verskuif nie.

Ook die owerheidsektor is heel gou verplig om op grond van die diensmotief en kosteoorwegings, diensorganisasies wat reeds in die ou dorp bestaan of na die nuwe dorp te verskuif of in die nuwe dorp te dupliseer.

Die aanname dat die Saldanhabaaistadskompleks in 'n streekhandel-, diens- en administratiewe sentrum gaan ontwikkel, is egter onderhewig aan die aanname dat die Yskorwerke wel in die gebied opgerig gaan word en dat die dorp teen 1980 minstens 20 000 inwoners sal hê. Indien die Yskorse staalfabriek om die een of ander rede nie opgerig word nie sal die Saldanhabaaigebed heeltemal anders daar uitsien as wat in hierdie studie voor spel word. 'n Raming van die bevolkingsgroei in die gebied sal dan op 'n geheel en al ander basis gedoen moet word.

Die groep werkgeleenthede wat vir die streek residensiële werkgeleenthede maar vir die dorp basiese werkgeleenthede is, sal vir ramingsdoeleindes by die nuwe stad se residensiële werkgeleenthede getel word. Die nuwe saamgevoegde groep werkgeleenthede sal onderskei word deur dit streekresidensiële werkgeleenthede te noem terwyl die oorblywende basiese werkgeleenthede uitvoerwerkgeleenthede genoem sal word. (Kyk par. 2.3 en 2.4.)

Verder word daar ook aanvaar dat daar tussen uitvoerwerkgeleenthede en streekresidensiële werkgeleenthede 'n ewe konstante verhouding bestaan as wat daar tussen basiese en residensiële werkgeleenthede bestaan. Hierdie aanname word gebaseer op die feit dat die streekresidensiële werkgeleenthede net soos die dorp se gewone residensiële werkgeleenthede almal ontstaan het as 'n direkte gevolg van die skepping van die uitvoerwerkgeleenthede.

Laastens word aanvaar dat die minimum streekresidensiële werkgeleenthede net soos die minimum gewone residensiële werkgeleenthede vir elke nywerheidsektor bepaal kan word deur 'n tabelliasie uit sensusgegevens van die persentasies werkers in die betrokke sektore in die geval van 'n aantal ander dorpe en stede, wat ook streekhandel-, diens- en administratiewe sentrums is, te maak.

#### 4.5 SKAKELINGSEFFEKTE

Die vestiging van 'n nuwe basiese nywerheid, veral 'n dryfnywerheid, is gewoonlik om twee uiteenlopende redes direk daarvoor verantwoordelik dat die ekonomies bedrywige bevolking van die stad of gebied met meer werkers as sy eie indiensneming, toeneem.

Die eerste rede is die feitlik outomatiese skepping van residensiële werkgeleenthede wat alreeds in paragraaf 4.2 bespreek is. Die tweede rede vir die ontstaan van addisionele werkgeleenthede bo en behalwe die inisiële werkgeleenthede in die sogenaamde dryfnywerheid is geleë in moontlike skakelings-effekte wat die dryfnywerheid tot gevolg kan hê. Daar is twee soorte skakelingseffekte naamlik voorwaartse en terugwaartse skakeling. Hirschman definieer dié twee soos volg:

(a) "... forward linkage effects, i.e., every activity that does not by its nature cater exclusively to final demands will induce attempts to utilize its outputs as inputs in some new activities" (13, 100).

(b) "... backward linkage effects, i.e., every non-primary economic activity, will induce attempts to supply through domestic production the inputs needed in that activity" (13, 100).

Dit wil voorkom asof die moontlikhede van voorwaartse skakelingseffekte as gevolg van die Yskorwerke te Saldanhabaai oor die kort en medium termyn heeltemal buite rekening gelaat kan word. Die staalfabriek word beplan om 'n halfverwerkte produk op kontrak aan oorsese staalfabrieke te lewer. Daar kan dus geen voorwaartse produktdruk wees vir die vervaardiging van verbruikersartikels in die Saldanhabaaigebied nie. Die produk wat Yskor gaan produseer is nie 'n grondstof vir verbruikersartikels nie.

Die moontlikheid van die verdere verwerking van die halfverwerkte yskorproduk bestaan natuurlik wel, maar dit sal geweldige groot kapitaalinvestering verg sodat dit oor die kort en medium termyn buite rekening gelaat kan word. Die mees lo-giese onderneming om dit te doen is immers Yskor self. Yskor het egter as gevolg van sy huidige uitbreidingsprogram in New-castle, Pretoria en Vanderbijlpark alreeds so 'n groot finansieringslas op hom geneem dat hy eers 'n tydperk van konsolidasie sal nodig hê voordat aan verdere uitbreidings gedink kan word.



Dit is ook onwaarskynlik dat Yskor 'n onderneming uit die private sektor sal toelaat om in die Saldanhabaaigebied die halfverwerkte produk wat hy lewer, verder te verwerk. Dit is ook onwaarskynlik dat 'n onderneming uit die private sektor tans die nodige fondse sal kan mobiliseer om so 'n nywerheid te finansier indien die stramheid wat tans in die kapitaalmarkte van die wêreld as gevolg van die oliekrisis heers, in gedagte gehou word.

Die moontlikheid van terugwaartse skakelingseffekte skyn egter baie beter te wees. Dit is byvoorbeeld bekend dat twee ondernemings wat in Pretoria en in Vanderbijlpark onderhouds- en instandhoudingsdienste en -apparaat aan Yskor lewer, reeds 'n vroeë stadium ondernemings in Newcastle begin het. Volgens die mening van 'n Yskor-woordvoerder kan verwag word dat soortgelyke ondernemings in die Saldanhabaaigebied tot stand sal kom. Die selfde geld vir 'n onderneming wat in Pretoria, Vanderbijlpark en Newcastle nywerheids-gasse aan Yskor lewer. Daar is dan ook besluit om te aanvaar dat drie sulke ondernemings van dieselfde omvang as dié wat tans in Newcastle gevestig is gelyktydig met die Yskorwerke in die Saldanhabaaigebied gevestig sal word.

Die drie ondernemings se produkte en dienste sal feitlik geheel en al as insette in die Yskorwerke gebruik word. Die werkgeleenthede by hulle moet daarom as uitvoerwerkgeleenthede beskou word, aangesien Yskor se produk uitgevoer word.

Daar bestaan ook nog die moontlikheid van 'n vierde terugwaartse skakelingseffek. Dit is naamlik die moontlikheid dat 'n onderneming wat refraksiemateriaal aan Yskor lewer 'n fabriek vir die vervaardiging daarvan in die Saldanhabaaigebied kan oprig. Aangesien die nodige klei van geskikte gehalte, volgens 'n woordvoerder van die afdeling geologiese opname van die Departement van Mynwese, sover bekend nie in die Saldanhabaaigebied of sy onmiddellike omgewing voorkom nie, blyk dit egter dat die moontlikheid van 'n fabriek vir die vervaardiging van refraksiemateriaal voorlopig buite rekening gelaat kan word.

Laastens is dit moontlik of self waarskynlik dat 'n private onderneming wat 'n sementfabriek in die gebied gaan vestig dolomiet afkomstig uit die gebied aan Yskor sal lewer. Met dié moontlikheid is ook rekening gehou by die bepaling van die uitvoerwerkgeleenthede.

Volgens 'n woordvoerder van Yskor is dit onwaarskynlik dat ander insette wat tans deur Yskor van die private sektor aangekoop word in die voorsienbare toekoms in die Saldanhabaaigebied vervaardig sal word, aangesien al die leweransiers die nodige surplus-kapasiteit in hul bestaande fabriek het om in die Saldanhabaaifabriek se behoeftes te voorsien.

#### 4.6 ENKELE ALGEMENE AANNAMES

In hierdie studie word gebruik gemaak van 'n teoretiese veronderstelde vaste verhouding tussen uitvoerwerkgeleentheid en streekresidensiële werkgeleentheid. Implisiet in die veronderstelling van bogenoemde vaste verhouding en die aanpassings wat in die geval van die Saldanhabaaigebied wenslik geag word, is die volgende aannames wat by die beoordeling van die resultate van hierdie studie in gedagte gehou moet word.

(a) Die gemiddelde arbeidsintensiteit van die produksieprosesse wat in die gebied gebruik staan te word, sal ongeveer dieselfde wees as dié van die produksieprosesse wat in ander dorpe en stede van die Republiek van Suid-Afrika gebruik word.

(b) Die Saldanhabaaigebied is nie betekenisvol swakker bedeeled met die nodige produksiefaktore vir die produksie van residensiële goedere en dienste as ander gebiede nie.

(c) Daar is geen politieke, sosiale, klimatologiese of geografiese faktore in die gebied aanwesig wat die vloei van arbeid daarheen betekenisvol sal belemmer nie.

(d) Die ekonomiese invloed van omliggende klein dorpies en die omliggende landboubedryf op die Saldanhabaaigebied verskil nie betekenisvol van dié om ander groot dorpe en stede nie. Hierdie aanname het nie betrekking op Langebaanweg, Paternoster, Stompneusbaai en St. Helenabaai nie.

(e) Vir doeleindes van die raming van bevolkingsgroei in 'n gebied is dit beter om op 'n werkgeleentheidsbasis eerder as op 'n vloei- van-fondse-basis te werk. Hierdie aanname is in ooreenstemming met die aanbevelings van Boudeville wat oor die onderwerp die volgende bewering maak: "For statistical reasons and purposes of population forecasts, base ratios are usually expressed in manpower units. If they are expressed in value added, the level of employment will vary with wage rates and the proportion of manpower to other production factors" (6, 383). Na alle waarskynlikheid sal die herleiding van inkomste na werkgeleentheid in die RSA waar daar 'n betekenisvolle verskil in die loonpeile van die verskillende volksgroepe bestaan, 'n nog ernstiger probleem wees as in lande met 'n homogene bevolkingsamestelling.

S RAMING VAN DIE PERSENTASIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING, STREEKRESIDENSIËLE WERKGELEENTHEDE EN UITVOERWERKGELEENTHEDE

Die eerste stap by die raming van die persentasies ekonomies berywige bevolking en streekresidensiële werkgeleent-

hede is die keuse van 'n aantal geskikte dorpe of stede<sup>1)</sup> waarvan die sensusgegewens as ramingsbasis kan dien. Die vereiste wat aan sulke dorpe gestel word, is dat hulle voldoende geïsoleerd moet wees van die ekonomiese invloed van nabygeleë groter dorpe of stede en dat hulle ongeveer so groot moet wees as wat die Saldanhabaaigebied in 1980 en 1990 na verwagting sal wees.

Die isolasievereiste sluit alle dorpe wat in die vier=hoek, Pretoria, Springs, Sasolburg en Randfontein, geleë is uit. Aangesien die totale bevolking van die Saldanhabaaistadskompleks vir 1980 deur die Stellenbosse Buro vir Ekonomiese Onderzoek op 80 000 geraam is (12, 14), is daar aanvanklik besluit om slegs dorpe met 'n bevolking van tussen 50 000 en 100 000 te kies. Daar is egter slegs vier dorpe in die RSA wat aan die twee vereistes voldoen, terwyl daar in die VSA vir die doel gewoonlik gebruik gemaak word van die gegewens van vyftig tot 'n honderd dorpe. Gevolglik is alle dorpe met 'n bevolking van tussen 30 000 en 200 000 wat aan die isolasievereiste voldoen, gekies. Daar was slegs tien sulke dorpe gewees, naamlik:

